

## Toetrede

### Liturgie van die Lig

Aansteek van die kerse

## Woorddiens

**Tema: “Helder oomblikke...”**

**Skriflesing: Markus 9:1-13**

**Broodjies vir die pad**

### Woestynverplaaste

Vlug ek na die stad,  
ontmoet ek U daar,  
praat U met my  
uit die mond van ‘n vreemdeling.

Vlug ek na die woestyn  
weg van die geroesemoes,  
is U in elke korreltjie sand.  
U sien my van ver  
soos ‘n lalapalm of dadel-  
wat by ‘n oase staan.

In die morsigheid van my sonde  
in die warboel van my emosies  
die uitstort van my trane  
voel ek steeds u nabyheid  
soos lawende water  
soos my eie sweet.

U koel my emosies af  
soos die bloed van die gemsbok afkoel  
in die wondernet van are in sy neus  
en onder sy brein  
só oorleef ek hittige aanslae  
van mens en versengende son.

U lig my denke  
sodat ek vergeet van myself.  
In die vergetelheid van duin op duin  
word U meer as ‘n lugspieëling  
word U werklikheid vir my.

Al wat luuks is  
het ek agtergelaat  
en is nou net aangewese op U.  
Maar U is alles.

Ek wéét van U gesig wat blink  
soos die lig soggens op die duinekam  
en die weerkaatsende lig  
in die dou van elke plakkie.

In hierdie stilte  
hierdie eensaamheid

hoor ek U brul soos die duin  
met sy kruimelende korrels sand.

In die skadu van die sekelduin  
in my bangheid, is ek dapper,  
want ek is by U  
‘n nietige luis in die pels  
van ‘n bakoorkakkals of woestynwolf.

Hier, in die dorre wêreld,  
word my hart sterk  
soos die harde melkwit hart  
van die dadelpalm,  
delf my wortels diep,  
my begeertes gekonsentreer  
in my soeke  
na u ewige water.

© Trienke Laurie / 2015

<http://versindaba.co.za/2015/02/12/trienke-laurie-woestynverplaaste>

### Brood vir die pad

#### Brink en Camus

*Abel Pienaar*

André P. Brink (gebore 1935 op Vrede) is vir my een van ons grootste Afrikaanse skrywers. Met boeke soos *Kennis van die Aand*, *’n Droë Wit Seisoen* en *Gerugte van Reën* het Brink die letterkundelandskap nie net in Suid-Afrika nie, maar wêreldwyd omvorm of eerder oopgeskryf.

Maar omdat Brink so gewoon en “eie aan ons” gelyk en gevoel het, het meeste mense nooit werklik besef hoe hoog hy aangeslaan is in die internasionale wêreld nie. En hoeveel aansien hy daarmee saam ook vir Afrikaans in die wêreld bewerk het nie.

Hy is al as “een van die sleutelskrywers van ons tyd” in Europa beskryf. En onlangs het hy die Médaille Grand Vermeil de la Ville, die hoogste eer van die Franse hoofstad, ontvang – ‘n prys wat slegs gaan aan leiers en denkers wat die Franse beskou as dié met die grootste invloed.

Brink het vir my persoonlik baie beteken. En alhoewel ek hom net ‘n paar keer vlugtig ontmoet het, het sy skryfwerk my gehelp om nuwe horisonne binne my eie denke te betree.

Ek kon op soveel vlakke met hom identifiseer. Een so ‘n vlak was sy liefde vir Frankryk – wat Brink in ‘n stadium gesê het sy “geboorteplek” is. Hy het verwys na ‘n bank in die Luxembourg-tuin in Parys toe hy 23 jaar oud was. Dis hier waar sy kop vir die eerste keer oopgegaan het.

Ek het net so ‘n “geboorte”-belevens in Frankryk gehad. Want net soos Brink het ek ook oorbeskerm op ‘n klein plattelandse dorpie grootgeword, en ook later aan ‘n Afrikaanse universiteit gestudeer. En toe Frankryk ...

En Frankryk het vir my en Brink bekend gestel aan Albert Camus (1913-1960), die naoorlogse filosoof en

joernalis wat in 1957 die tweede jongste wenner van die Nobelprys vir letterkunde geword het.

Camus het Brink geïnspireer om eerliker te leef, oper, vryer. En Brink het my bekend gestel aan Camus, wat my tot dieselfde vryheid geïnspireer het.

In Brink se laaste openbare verskyning het hy in 'n toespraak by die Franstalige Katolieke Universiteit in Louvain-la-Neuve, België, die volgende gesê oor Camus:

“Camus, wat vir my altyd die belangrikste padaanwyser in my lewe was, wat vir my gewys het dat die moontlikheid van 'n keuse bestaan net binne hierdie oomblik.

“ 'n Keuse omdat 'n mens soek na antwoorde.

Antwoorde wat jy nie vooraf ken nie. Dit is die grootste triomf wat die mens kan vind, om na die teendeel van die vraag te gaan om antwoorde te probeer kry.

“As 'n mens vooraf geweet het wat die antwoorde sou wees, sou daar tog nie 'n avontuur gewees het nie, sou daar nie 'n werklike keuse gewees het nie, want dis bowenal deur aanvanklik nie te weet nie, deur die antwoorde te probeer vind, dat 'n mens kan voortgaan, tree vir tree, een op 'n volgende.”

Want sien, Camus het vir Brink geïnspireer om nuut en vryer binne die hier en nou te dink. En nes Brink is ek ook geïnspireer om alles anders, oper en vryer te begin sien. Dit het natuurlik beteken dat ek met onsekerheid moes vrede maak. Want as 'n mens se oë eers oopgegaan het, is dit nogal moeilik om enigiets blindelings te aanvaar. Alles is net te veel op onsekere skroewe, of dit geloof, politiek of wetenskap is.

En om soekende, krities en uitdagend te leef is nie altyd maklik nie. Want jy loop jou vinnig vas teen die tradisionele “waarheid”-bewaarders. Die sogenaamde sekeres.

Dié wat al die antwoorde in pag het, en vir wie verandering die bose is.

Dit is waarna Robert. M. Pirsig verwys met: “When somebody goes outside the cultural norms, the culture has to protect itself ...”

Seker daarom dat Camus op 'n keer so sterk gesê het: “The only way to deal with an unfree world is to become so absolutely free that your very existence is an act of rebellion.”

Hierop het Brink op 'n keer, met skerp kritiek teen die apartheidsregering, gesê: “Wanneer daar saamgespan word en leuens my omsingel en my probeer verbied om die een woord van waarheid te uiter, word daardie woord die woord wat ek bo enige ander wil uiter.”

Wat my egter van sowel Camus as Brink die meeste aangryp, is dat hulle hierdie rebellie van vryheid nie net gepraat het nie, nee, hulle het dit gelêf.

En dit in 'n styl wat nooit dominerend, aggressief of egosentries was nie. Albei het gelykheid en respek hoog geag. Dit wat dalk mooier deur Camus omskrywe word met: “Don't walk behind me; I may not lead. Don't walk in front of me; I may not follow. Just walk beside me and be my friend.”

Brink het lewe aan hierdie styl gegee toe hy in 1975 op die sensuurbeleid van die Suid-Afrikaanse regering van daardie tyd gereageer het met: “Ons het nou genoeg gepraat.

Dit het nou tyd geword dat die skrywer net doodeenvoudig voortgaan met sy werk.”

En wat 'n skrywer van skrywers was Brink nie. Net soos sy held (en myne), Camus, het hy bo enigiets anders geglo in die moontlikheid van 'n sinvolle lewe, in die hier en nou.

Dit was juis Camus wat gesê het 'n sinvolle lewe is in wese om teenwoordig in jou eie lewe te wees. Teenwoordig in jou lyf, verhoudings, vreugdes, suksesse, mislukkings, verliese ... presies net soos dit ontvou, oomblik tot oomblik. Sy woorde was: “Eternity is here and I was hoping for it. What I wish for now is no longer to be happy, but only to be aware.”

Sodoende het Camus vir Brink gehelp om bewustelike vrae te vra, vrae wat die meeste ander skrywers in daardie tyd, in Suid-Afrika, nie gevra het nie.

Die klem is op die feit dat niemand anders hierdie diep vrae kan beantwoord nie, net jyself kan.

Presies wat 'n Engelse skrywer, John Robert Fowles, wat ook sterk beïnvloed is deur Camus, geskryf het: “The most important questions in life can never be answered by anyone except oneself.”

Mag die laaste woorde van Brink, voor sy ontydige dood, ons almal soekende en vry laat leef: “'n Mens vind orals die moontlikheid van vrae. En dit laat 'n mens orals die moontlikheid van antwoorde soek.”

Dankie André P. Brink, dat jy my ook gehelp het om vryer te word. En bowenal, dankie dat jy my bekend gestel het aan Albert Camus.

<http://www.netwerk24.com/stemme/2015-02-12-kop-hart-blog-brink-en-camus>



## Albert Camus (1913–1960)

Albert Camus was a French-Algerian existentialist. He was a journalist, playwright, novelist, writer of philosophical essays, and Nobel laureate. Though neither by advanced training nor profession a philosopher, Camus nevertheless through his literary works and in numerous reviews, articles, essays, and speeches made important, forceful contributions to a wide range of issues in moral philosophy – from terrorism and political violence to suicide and the death penalty. In awarding him its prize for literature in 1957, the Nobel committee cited the author's persistent efforts to “illuminate the problem of the human conscience in our time,” and it is pre-eminently as a writer of conscience and as a champion of imaginative literature as a vehicle of philosophical insight and moral truth that Camus was honored by his own generation and is still admired today. He was at the height of his career, at work on an autobiographical novel, planning new projects for theatre, film, and television, and still seeking a solution to the lacerating political turmoil in his native Algeria, when he died tragically in an automobile accident in January, 1960.

<http://www.iep.utm.edu/camus>